# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1

## GRAAD 11

## JUNIE 2019

**PUNTE: 70** **TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en –konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël na elke antwoord oop.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

**Pasop! Jou kind kán verslaaf raak!**

1 Toe Carli*, ‘n Johannesburgse ouditeur, se 11-jarige seun die oggend uit sy kamer gestap kom met skoolklere wat lyk asof dit ‘n week in die wasgoedmandjie gelê het, het sy met hom geraas omdat hy nie sy klere van die vloer af optel nie. ‘n Paar dae later verklaar hy hy gaan nie meer ontbyt eet nie en weer was daar ‘n stryery. En toe hy die volgende oggend nie by die ontbyttafel opdaag nie, betrap sy hom voor sy rekenaar, verdiep in ‘n oorlogspeletjie.

2 “Dit kom toe uit dat hy die aand in sy skoolklere gaan slaap het sodat hy die volgende oggend meer tyd vir sy speletjie sou hê. Toe dit nie werk nie, wou hy ontbyt uitsny sodat hy soggens ‘n paar minute kan speel.”

3 Hein Hofmeyr van die Akeso-kliniek in Nelspruit, ‘n kliniese sielkundige met ‘n spesiale belangstelling in speletjieverslawing, sê hy sien al hoe meer jongmense wat met die probleem sukkel – meestal seuns, maar meisies ook.

4 “Dis meestal tieners en jong volwassenes wat daarmee gediagnoseer word. Dié ouderdomsgroepe het minder verantwoordelikhede en dus meer tyd vir speletjies, hul portuurgroep speel meer en hulle is van kleins af daaraan blootgestel.”

5 Dit beteken nie rekenaarspeletjies is op sigself gevaarlik nie, benadruk hy, maar ‘n persentasie van mense speel te veel – ten koste van baie ander aspekte van hul lewe. Eers wanneer die gedrag vir omtrent ses maande aanhou, word dit as ‘n verslawing gediagnoseer. Die kind wat vir drie weke tydens skoolvakansies speel en ophou wanneer die kwartaal afskop, moet dus nie dadelik psigiater toe nie.

6 By kinders word 'n diagnose juis volgens ouers se waarnemings gemaak, soos Carli s'n. "Omdat dit 'n gedragsverslawing is, is die diagnose nie eenvoudig nie," sê Hein. "Dit hang af van die mate waarin dit 'n negatiewe invloed op die kind se lewe het."

7 Verslawing word gediagnoseer wanneer iemand hul speletjiesgedrag moeilik beheer en as dit 'n groter prioriteit is as enigiets anders in hul lewe – hetsy gesinslewe, sosiale lewe, opvoeding of werk, en selfs persoonlike higiëne.

8 "Kinders wat verslaaf is, kan gewoonlik oor byna niks anders praat nie, " sê Hein. "Hulle isoleer hulself en sit heeldag alleen en speel, stel nie meer belang in aktiwiteite wat hulle voorheen geniet het nie, is moeg en sukkel om te konsentreer, hul punte word swakker en hulle vergeet om te bad en tande te borsel. Hulle neig meer na depressie, aggressie, rusteloosheid of geïrriteerdheid – veral as hulle nie kan speel nie. En hulle jok oor hoeveel hulle speel. Sommige verloor selfs hulle houvas op die werklikheid en begin glo enigiets is in die regte lewe moontlik, nes in die speletjie."


9 Speletjies het wel ook voordele. <u>So, moenie die kind met die badwater uitgooi nie.</u> Verskeie studies in die verlede het al gewys rekenaarspeletjies kan onder meer jou probleemoplossingsvermoë, periferale visie, ruimtelike bewustheid, besluitnemingsvermoë en emosionele regulering (die vermoë om jou emosies te beheer sodat op 'n taak gefokus kan word) verbeter. Die voordele van speletjies hang af van die soort speletjie – skietspeletjies verbeter nie noodwendig probleemoplossingsvermoë soos strategie-speletjies nie.

10 Lizl Miller, 'n kliniese sielkundige van Pretoria, sê ook tegnologie is nie die probleem nie. "Kinders word van kleins af groot met slimfone, tablette en rekenaars, en nie almal raak verslaaf nie."

11 Maar dis nooit te laat nie, sê Hein. "As jou kind probleemgedrag toon, stel duideliker reëls. As dit nie werk nie, kry professionele hulp. Moenie wag tot die kind die jaar druip voor jy optree nie, maar selfs dán is daar steeds hulp."

[Bron: *Sarie,* Oktober 2018]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Bron: *Volksblad,* 6 Januarie 2016]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Evalueer die geslaagdheid van die woord "Pasop!" in die titel van die skryfstuk. (1)

1.2 Aan wie rig die artikelskrywer die waarskuwing in die titel van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. (2)

1.3 Waarom lewer Hein Hofmeyr kommentaar in hierdie artikel? Verskaf twee redes. (2)

1.4 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Haal 'n frase aan om jou antwoord te staaf.
Slegs seuns sukkel met verslawing aan speletjies. (1)

1.5 Dink jy Hein Hofmeyr se stelling in paragraaf 4 is subjektief of objektief? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Gee twee redes waarom meestal tieners en jong volwassenes met speletjie-verslawing gediagnoseer word? (2)

1.7 Waarin spesialiseer 'n psigiater (paragraaf 5)? (1)

1.8 Wanneer word die speel van rekenaarspeletjies as 'n verslawing gediagnoseer? (1)

1.9 Gee in jou eie woorde twee negatiewe gevolge en een positiewe gevolg van die speel van rekenaarspeletjies. (3)

1.10 Som paragraaf 9 in een volsin op. (1)

1.11 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 9 oor die algemeen? Wat beteken dit binne die konteks van die leesstuk? (2)

1.12 Watter verband het paragraaf 2 met paragraaf 11? (1)

1.13 Is die stelling in paragraaf 10 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Wat moet jy as ouer eerste doen wanneer jou kind probleemgedrag toon? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.15 Wat is die verband tussen die spotprent (Teks B) en paragraaf 7 van Teks A? (2)

1.16 Herlees weer die tweede sin paragraaf 8. Stem jy saam met die stelling en hoe kan dit in Teks B waargeneem word? (1)

**VRAE: TEKS B**

1.17 Noem twee visuele aanduidings wat daarop dui dat die gesin verheug is. (2)

1.18 Waarom kan hierdie spotprent as ironies beskou word? (1)

1.19 Hoe raak die goeie nuus die seun in die spotprent? Noem een visuele aanduiding wat jou antwoord steun. (2)

1.20 Is Boeta se taalgebruik in die teks geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (1)

1.21 Hoe sou jy reageer as jy in dieselfde situasie as Boeta was? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van **SEWE wenke om te volg wanneer ‘n nuwe taal aangeleer word.**

**LET WEL:**

- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie langer as 90 woorde wees nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming ‘n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

**TEKS C**

**HALLO, BONJOUR, SAWUBONA**

Suid-Afrika is een van min lande waar tweetaligheid nie die uitsondering is nie, maar die norm. Hoe wonderlik! Soos die wêreld kleiner word, word die opsies en metodes om nuwe tale te leer ook meer. Waar begin jy? Kenners gee raad.

Voor jy kursusse begin oorweeg, besluit eers wat jy met die taal wil doen. Wil jy net genoeg leer om vakansie in Frankryk te gaan hou en te kan vra waar die badkamer is? Of wil jy met kollegas in ‘n inheemse taal gesels, of dalk met Chinese kliënte onderhandel?

Moenie sommer net die naaste skool kies en vir ‘n kursus inskryf nie. Skole se kursusse word verskillend gestruktureer. Jy moet die een kies wat die beste vir jóú is. “Daar is nie een metode wat vir almal werk nie,” sê dr. Elbie Adendorff. Jy moet versigtig wees vir kursusse wat té veel beloof. Leer eers die taal praat, dan leer jy om dit te skryf. “As kind leer jy ‘n taal deur na jou ouers te luister en te oefen om te praat. Eers later, op skool, leer jy lees en skryf.

Doen jou huiswerk. Hoe vinnig jy leer, hang af van hoeveel moeite jy doen. “Hoewel enigiemand ‘n taal kan aanleer, sien ons gereeld dat mense wat gemotiveerd is en ekstra moeite doen, die vinnigste leer.

Gebruik elke moontlike geleentheid om die taal te praat. Hou op om skaam te wees. Jy moet jouself dwing om te oefen en oor die woorde te struikel totdat dit makliker word. "Ek neem my vreemdetaal-studente soms na 'n restaurant en dan moet hulle koffie in die taal bestel."

Moenie jou oor jou ouderdom kwel nie. Kinders kan tale soos 'n spons aanleer, sê dr. Trish Cooper (kursuskoördineerder by Wits), maar dit beteken nie jy kan dit nie ook op 70 doen nie. As volwassene het jy die voordeel dat jy waarskynlik gemotiveerd is en reeds een taal se grammatika onder die knie het, wat jou help om 'n ander taal se struktuur te verstaan.

Taal is een gebied waar die Engelse uitdrukking "use it or lose it" geld. Doen dus ná jou kursus moeite om dit steeds te praat.

[Bron: *Sarie,* 10 Oktober 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




3.1 Wat beteken die uitdrukking in raampie 1? (1)

3.2 Wat is die intensiewe vorm van **groot** (raampie 2)? (1)

3.3 Waarom word die afkorting **SMS** nie met punte geskryf nie? (1)

3.4 Brei die onderstreepte woord in raampie 2 met 'n bysin uit. Onderstreep die bysin wat jy ingevoeg het. (1)

3.5 Verander die onderstreepte lidwoord in raampie 3 na 'n aanwysende voornaamwoord. (1)

3.6 Gee die stellende trap van vergelyking vir die woord **beste** in raampie 3. (1)

3.7 Skryf jou eie twee sinne neer om die verskil in betekenis tussen **vir seker** en **verseker** duidelik aan te toon. (2)

3.8 Waarom is die gebruik van die woord **pap** so gepas in die advertensie? (1)

3.9 Wat word die onderstreepte s-klank in versekering<u>**s**</u>kwotasie (raampie 3) genoem? (1)

**VRAAG 4: STROKIESPRENTE**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Bron: *Zits,* 2 Augustus 2018]

4.1 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips in spraakborrel 1? (1)

4.2 Skryf die tweede sin in spraakborrel 1 in die ontkenning. (1)

4.3 Watter invloed het die invoeging van die **trippel** en **ekstra** op die boodskap van die strokie? (1)

4.4 Watter tipe sin is die sin in spraakborrel 2? (1)

4.5 Gebruik die kern van **suurlemoenskyf** (spraakborrel 3) as 'n bepaler in 'n nuwe samestelling. (1)

4.6 Sê of die volgende woord 'n afleiding, samestelling of samestellende afleiding is: **kaastjips** (spraakborrel 1). (1)

4.7 Wat impliseer die ma in spraakborrel 4? (1)

4.8 Verdeel die woord **happie** (spraakborrel 5) in klankgrepe. (1)

4.9 Skryf die sin in raampie 5 in die indirekte rede. (1)

4.10 Wat is die sinswyse van die sin in raampie 5? (1)

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**Tieners verslaaf aan tegnologie**



1 Die oormatige gebruik van selfone deur jong mense neem dieselfde afmetings aan as diegene met 'n dwelmafhanklikheid of <u>dobbelverslawing</u>.

2 Sowat 'n driekwart van die jong mense is so verknog aan hulle selfone dat hulle <u>elke dag</u> langer as drie uur op hul selfoon spandeer. En van hierdie aantal weet 85% glad nie hoeveel tyd hulle op hulle fone bestee nie.

3 'n Onlangse studie deur die hoof van die jeugnavorsingseenheid aan Unisa, prof. Deon Tuskin, toon dat die jeug se selfoongebruik 'n emosionele impak het. Hy het bevind dat hulle aan angs <u>ly</u> wanneer hulle hul fone verlê, sukkel en depresief is sodra hulle nie aanlyn is nie.

4 Van die negatiewe emosionele gevolge wat voortvloei uit hierdie verslawing 3.3____ hulle selfone is onder meer 'n neiging om uit te stel en dit het weer 'n invloed op 'n leerling se skoolprestasie en lei tot slaapversteurings, soos slaaploosheid.

5 Juis daarom moet ouers hulle vergewis van die hoeveelheid tyd wat hulle kinders op hulle selfone deurbring en dit probeer beheer, meen hy.

6 Die verantwoordelike gebruik van selfone kan egter wel ook 'n positiewe rol speel, aldus prof. Tuskin. Een van die voordele is dat dit aan <u>jong</u> mense 'n sosiale gebondenheid met ander mense bied.

7 Hierbenewens is dit wel ook positief dat selfone vir veiligheidsredes gebruik kan word.

[Bron: *Die Vryburger,* 5 Mei 2016]

5.1 Skryf die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 1 neer. (1)

5.2 Gee EEN woord vir die onderstreepte woorde in paragraaf 2. (1)

5.3 Benoem die woordsoort van **drie** in paragraaf 2 volledig. (1)

5.4 Waarom word **Unisa** in paragraaf 3 met ‘n hoofletter geskryf? (1)

5.5 Gebruik die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 3 in ‘n verhelderende sin. (1)

5.6 Gebruik die onvoltooide/teenwoordige deelwoord van **sukkel** (paragraaf 3) in jou eie sin. (1)

5.7 In paragraaf 3 is daar ’n spelfout. Skryf eers die woord wat verkeerd gespel is neer en daarna die korrekte woord. Onderstreep die korrekte woord. (1)

5.8 Skryf die voorsetsel wat in paragraaf 4 ontbreek, neer. (1)

5.9 Watter klankverskynsel kom voor wanneer **kinders** (paragraaf 5) as <u>kinners</u> uitgespreek word? (1)

5.10 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 6. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**